# N G GEMEENTE GANSBAAI

## RIGLYNE VIR LIDMATE TEN OPSIGTE VAN BEGRAFNISREELINGS

1. Familie moet die ouderling/diaken/hulpwerker en/of kerkkantoor so gou moontlik in kennis stel van die afsterwe van 'n gemeentelid, en naasbestaandes moet toestemming verleen dat sterftes se name op die kerkbulletin geplaas mag word.

2. Dit is die verantwoordelikheid van die vermelde amptenare om die leraar van die streek waarin die lidmaat woon so gou moontlik in kennis te stel vir pastorale hulp en begrafnisreëlings.

3. Familie moet ten nouste met die kerkamptenare (kerkkantoor) skakel vir praktiese reëlings t.o.v. plek en tyd vir die roudiens, saal vir verversings, die diensste van die orrelis, koster, dataprojektor-operateur en leraar.

4. Die gebruik van die kerkgebou, saal vir verversings na die roudiens en die leraar van ons gemeente wat die roudiens hanteer se dienste is gratis vir lidmate. Die koster, orrelis en dataprojektor-operateur moet die tarief betaal word wat die kerkraad jaarliks bepaal.

5. Enige versierings en/of addisionele toerusting in die kerkgeboue moet vooraf met die kerkkantoor uitgeklaar word en verwag die kerkraad dat fasiliteite sonder skade netjies gelaat word.

6. Die wyk/streek waarin die afgestorwe lidmaat woon, tref reëlings om tee, koffie en toebroodtjies na die roudiens in een van die kerksale aan te bied. Enige ander verversings moet deur die familie op eie koste verskaf word.